Sing vooraf: Psalm 73:12 (p. 369)

12 Wie ver van U sy weg wil gaan, / stap op ’n donker afgrond aan.
U roei hul uit wat U gesmaad het, / in trouloosheid U verlaat het.
Maar dis my goed, my saalge lot, / as ek naby is by my God.
Ek het my hoop op God gestel / om al sy werke te vertel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm: Psalm 89:1 (p. 444)

1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos ’n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewge guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet sing ons van God se genade oor ons met Psalm 61:6 (p. 299).

Wet

Psalm 61: 6 (p. 299)

6 Send, o HEER, tot sy beskerming / u ontferming / en getrouheid as ’n wag.
Dan, dan loof ek, en dan sing ek, / en dan bring ek / U my offers dag ná dag.

Gebed

Psalm 85:4 (p. 429) (wysie Psalm 2)

4 Genade͡en trou sal dan mekaar ontmoet; / die reg sal vrede met ’n kus begroet;
getrouheid spruit dan uit die aarde weer, / geregtigheid sien van die hemel neer.
Die goeie͡ontvang ons dan weer uit Gods hand / as halme buig op vrugbare͡akkerland.
Geregtigheid gaan voor Gods aangesig / en bloei omhoog waar Hy sy voetstap rig.

Skriflesing: 2 Korintiërs 12:19-13:13

Teks: 2 Korintiërs 12:19; 13:4

Dink julle weer dat ons ons by julle verdedig? Ons spreek in die teenwoordigheid van God in Christus, en dit alles, geliefdes, tot julle stigting. (2 Korintiërs 12:19 AFR1953)

Want al is Hy gekruisig uit swakheid, lewe Hy tog uit die krag van God. Want ons is ook swak in Hom, maar ons sal saam met Hom vir julle lewe deur die krag van God. (2 Korintiërs 13:4 Afr1953)

Op ’n baie eienaardige manier het die Korintiërgemeente in hulle geloof begin agterraak – dit terwyl ’n suiwer kerk altyd baie ernstig moet waak teen veragterliking in die geloof.

- Hulle het begin twyfel aan die dinge wat Paulus vir hulle gepreek het.
- Hulle het selfs betwyfel of Paulus waarlik ’n apostel was.
- Ons lees in 2 Korintiërs 10:10 dat hulle Paulus as persoon geminag het. Hulle het nie vir hom baie tyd gehad nie.

Kom ons behandel uit hierdie Bybelgedeelte vanoggend die volgende sake:

1. Gelowiges mag ander gelowiges wat sonde doen, nooit verstoot nie.
2. Beteken dit dan dat medegelowiges ’n vrypas het om sonde te doen?

1. Gelowiges mag ander gelowiges wat sonde doen, nooit verstoot nie.

Waar het die moeilikheid begin? By dwaalleer wat deur die gemeente self uitgedink is om hulle eie behoeftes tevrede te stel.

- Dit het begin by die feit dat die gelowiges in Korinte nie die Here Jesus se swakheid in die vlees wou aanvaar nie.
- Hulle het geglo dat Jesus **net** Almagtig God is.
- Hulle wou en kon nie aanvaar dat Hy ook as mens gelewe het, en dat Hy selfs gesterf het nie.

Dit het hulle in konflik gebring met die dinge wat Paulus hulle geleer het, en daarom het hulle hom geminag.

Die Korintiërs se leer bring die verlossing deur die Here Jesus Christus in gedrang.

- In die Galasiërbrief herinner Paulus die gelowiges daaraan dat Jesus uit ’n vrou gebore is, en ook onder die wet gebore is.
- Hy was so mens dat die Tien Gebooie ook vir Hom gegeld het.
- ’n Verdere bewys van sy menslikheid was dat Hy ook honger en dors geword het.
    - Hy het ook pyn gely.
    - Uiteindelik het Hy gesterf en sy liggaam was so dood soos ons s’n wanneer dit sterf – dit is ook begrawe en met speserye behandel.

Hierdie saak kon die Korintiërs nie aanvaar nie. Hulle kon nie begryp dat die Here al hierdie dinge aangeneem het, sodat Hy in ons plek in die strafsaal voor God se troon kon gaan staan, om ons oordeel te dra nie.

Tog wou hulle nie teruggaan na die heidendom toe nie. Wat nou?

- Toe verander hulle aan die leer wat die apostel Paulus hulle geleer het.
- Hulle hang toe ’n ander leer aan.

Kyk nou na die inhoud van hierdie leer:

- Hulle besluit toe dat hulle nie ’n swak God wil hê nie.
- Hulle aanbid net ’n sterk God – net ’n God wat altyd almagtig is en in sy vernedering voor niemand buig nie.
- En net so buig húlle ook voor niemand nie.

Daarom skryf Paulus vir hulle dat hulle hulleself nie swak wou betoon teenoor sy prediking nie.

- Dit beteken doodeenvoudig dat hulle nie na Jesus Christus se vermaninge oor hulle sondes wou luister nie.
- Hulle is swak teenoor niemand nie! Selfs nie eers teenoor die Here Jesus Christus nie!

Let daarop dat hierdie houding van die gemeente van Korinte gemaak het dat die toorn van die Here besig was om teen hulle op te laai.

- Die Here roep Paulus om weer na die gemeente toe te gaan – hy skryf dat hy nou vir die derde keer na hulle toe kom.
- Ons kom uit die brief uit agter dat alles in die geloofswêreld nie so maklik is nie – die sonde van die gemeente het baie spannings veroorsaak.
- U moet oplet hoeveel spanning daar vir Paulus rondom hierdie besoek lê. In hoofstuk 12:19 stel hy al sy saak dat die gemeente al weer dink dat hy net na hulle toe kom om homself te kom regverdig by hulle.

Hierdie woorde wys terug na die vorige twee besoeke toe Paulus in Korinte was en die Korintiërs geweldig geveg het om hulle dwaalleer te regverdig.

- Die mense het kwaai met hom geveg teen die Woord van die Here.
- Dit was so erg dat die Here self in ’n gesig aan Paulus verskyn het en hom bemoedig het dat hy nie bang moet wees nie maar met vrymoedigheid moet aanhou preek.
- Die Jode was so hatig op Paulus dat hulle hom voor die gereg gedaag het, en kort daarna het Paulus toe maar self weggegaan.

Later was Paulus vir die tweede keer in Korinte.

- Uit die tweede Korintiërbrief is dit duidelik dat Paulus nie met goeie herinneringe terugdink aan die eerste of die tweede besoek nie.
- Blykbaar was die tweede besoek net so vol gevegte as die eerste een.

Waarom word hierdie ontevredenheid tussen Paulus en die gemeente deur die Here in sy Woord opgeskryf?

- Uit hierdie gebeurtenisse word dit aan ons geopenbaar dat dit nie so is dat as die Here jou stuur om iets te gaan doen, alles dan sommer net maklik gebeur en dat daar net seën en voorspoed en liefde is nie.
- Waar die sonde intree, is daar spanning tussen die gelowiges – in hierdie geval tussen die ampsdraer en die gemeentelede.

Die gevaar bestaan altyd dat waar daar spanning van hierdie aard tussen gelowiges na vore kom, hulle van mekaar af kan wegbreek.

- Maar is dit reg om mense wat verkeerd raak sommer net so maklik of vinnig af te skryf?
- Nee, ons moet altyd veg om bymekaar te bly en om mekaar vir die koninkryk van God te behou.

Presies daardie gesindheid kom in hierdie Bybelgedeelte na vore – daarom laat die Here dit ook vir ons neerskryf sodat ons daaruit kan leer.

- Moenie dink dat ouderlinge en diakens en die dominee altyd sonder spanning gaan huisbesoek doen nie.
- Die ampsdraers loop ook baie keer met die vertwyfeling rond dat hulle met sekere lidmate wil moed opgee, want sekere gemeentelede se gevegstoerusting ten gunste van die sonde is baie keer beter geoefen as hulle gehoorsaamheid na die Here se troon toe.

Sekere mense kan kwaai veg om hulle sondes en hulle verkeerde optrede te regverdig.

- Dan het die ampsdraers byna nie die moed om na so ’n huis toe te gaan nie.
- Dikwels is hierdie verbittering wat tussen Paulus en die Korintiërs was, by ons ook nog teenwoordig.

Dit is die tyd wanneer die ampsdraer moet onthou wat Paulus hier in hoofstuk 12:19 geskryf het:

> **Ons spreek in die teenwoordigheid van God in Christus, en dit alles geliefdes, tot julle stigting.** (2 Korintiërs 12:19b AFR1953)

Ons – ampsdraers sowel as medegelowiges – kan nie weghardloop vir mense en hulle sondes nie.

- Ons word deur God gestuur om sy Woord te verkondig en om sy reg te handhaaf:

  Ons spreek in teenwoordigheid van God in Christus.
  - Daar is dus nie ’n saak met ons eie standpunte of persoonlike belange nie.
  - Ons moet baie seker maak dat ons die Here en Hom alleen dien.

Broeders en susters, u moet nie kwaad word as u ouderling of diaken of ’n medegelowige u vermaan waar u iets verkeerd doen nie. Ons moet saam die waarheid soek, en saam oor mekaar toesig hou en saam die pad van bekering loop, anders staan ons hieroor in die gerig van God.

Moet ons as gelowiges in sulke omstandighede net ter wille van die eer van die Here alleen deur pyn en spanning gaan?

- Ja, verseker, maar dan moet ons net onthou dat die eer van die Here ook betrek word by die klimaat en atmosfeer in die gemeente.
- Daarom stel die tweede deel van vers19 dit sterk en helder dat die teenwoordigheid van die Here juis na vore kom in die stigting van die gemeente:

  Ons spreek in die teenwoordigheid van God in Christus, en dit alles geliefdes, tot julle stigting.
- Die ampsdraers se eerste mikpunt met hulle bediening is dus inderdaad die eer van die Here, maar daarmee saam ook die stigting van die gemeente.

Dit is hierdie stigting in die gemeente wat Paulus so bekommer. Hy is werklik bang om na Korinte toe te gaan.

- Hy is bang vir die dinge wat hy in die gemeente gaan sien wanneer hy daar aankom.
- Hy noem al die dinge ook op: twis, jaloersheid, toornigheid, verdeeldheid, kwaadsprekery, nuusdraery, verwaandheid, wanordelikheid, onreinheid en hoerery en ongebondenheid.

Die Here haat sulke dinge. En Paulus weet dat hy met die skuldiges daaroor sal moet praat.

- Hy weet dat hulle dan sal weier om tot bekering te kom en net met hom sal wil veg.
- Hierdie klomp sondes maak Paulus so bang dat hy skryf dat hy bang is vir die gemeentelede wat met hom gaan rusie maak.
- Daarby is hy ook nog bang vir die Here wat hom weer gaan verneder.

Hy skryf in 1 Korintiërs 4:6vv. van die lyding wat hy al alles moes deurmaak:

- Hy en Apollos het honger en dors gely en moes kaal loop en is geslaan as gevolg van die gelowiges.
- Daar was al tye wat die kerke hulle nie versorg het nie, en wanneer hulle self moes werk om aan die lewe te bly.
- Hulle was al uitgeskel – maar hulle het bly seën.
- Hulle is vervolg – en hulle het dit doodgewoon verdra. Hulle het nie teenvervolgings ingestel nie.
- Daar was tye toe hulle belaster is, maar hulle het net voortgegaan om die gemeentelede wat probleme gehad het, te vertroos.

2. Beteken dit dan dat medegelowiges ’n vrypas het om sondes te doen?

Al lyk die prentjie regtig baie swak, gaan Paulus nou vir die derde keer terug na Korinte toe om bekering en gehoorsaamheid aan die Here te gaan preek.

Die Here bring die gemeente daar in die kring van sy regsaal. Van die vroegste jare af (Deuteronomium 19:15) al het die Here geleer dat die waarheid in die mond van twee of drie getuies vasstaan.

- As hy daar kom, kan die gemeente nie sê dat hulle nie geweet het dat die dinge wat hulle gedoen het – en waarin hulle inderdaad volhard – verkeerd is nie.
- Die Here het dan al drie keer tevore getuig dat hulle tot bekering moet kom. Daarom moet die gemeente verwag dat die Here daardie dag hulle gedrag aan sy toorn gaan blootstel.

Die Here openbaar dan dat Hy die mense wat volhard in hulle sondes sal straf deur die ampsdraers.

- Paulus sê dat hy nie sal spaar nie.
- Dit beteken dat die kerklike tug uiters streng oor hierdie mense voltrek gaan word.
- Die Here openbaar met hierdie woorde dat Hy die krag van Christus deur die ampsdraers in die gemeente verwerklik.

Die gemeente sal dan agterkom dat die Jesus wat uit swakheid gekruisig is, juis almal wat in verwaandheid teen Hom opstaan met onbetwisbare mag uit sy midde verwyder. Dit sal 'n openbaring wees van sy goddelike krag wat geen teëstand teen Hom verdra nie.

Die heel belangrike in hierdie Bybelgedeelte is nie net dit wat alles gesê word nie, maar veral ook dit wat nie gesê word nie.

- Hierdie spanning tussen ampsdraers en gemeentelede as gevolg van die sonde behoort glad nie daar te wees nie.
- Ons moet altyd by mekaar net die dinge kry wat mens van 'n ware Christen verwag.
- Daar behoort by ons die hartlikste onderlinge verkeer te wees. Ons gemeente behoort niks anders te ken as net die liefde van ons Here nie.

Let mooi uit hierdie gedeelte op hoe ons daarby moet uitkom: Ons moet die Here Jesus Christus volg in sy nederigheid.

- Dit wat vir die Korintiërs swakheid was, is die feit dat die Here Jesus so groot was dat Hy tot in die dood toe gebuig het om aan die wil van God gehoorsaam te wees.
- Al die dinge waaroor Paulus kla as ampsdraer het die Here ook oorgekom:
    - Hy is ook geslaan en nakend gekruisig, geminag en gevloek.
    - Maar al hierdie dinge het Hom nie sy beeld van heerlikheid laat prysgee nie.

As ons die Here Jesus hierin kan volg, sal ons ook in sy oorwinning deel.

- Dan sal ons in die sterkte van God kan lewe omdat ons dan ook die lus sal hê om na sy Heilige Gees te luister.
- Dan het ons die krag wat aan ons gegee word deur die kruis van Jesus Christus.

Dit was in sy mensheid nie vir die Here Jesus maklik om kruis toe te gaan nie.

- Hy het ons liggaam en bloed aangeneem om deur die grootste angs en vrees te gaan wat ons op die aarde ken – die angs van die dood.
- Hy was doelbewus swak – Hy het gesterf. As Hy nie doelbewus liggaamlik swak was nie, het Hy nie gesterf nie, want Hy was ook God en God kan nie sterf nie.

Al hierdie dinge wat geweldig en onverstaanbaar is, het die Here Jesus gedoen sodat ons op die aarde kan leef en – wanneer ons sterf – deur Hom uit die dood wakkergemaak word om tot in ewigheid te lewe.

Daarom moet ons ook geduld hê met die onder ons wat swak is.

- Dit is maklik om mense weg te jaag wat onverskillig of kortsigtig is, maar dit is nie wat die Here wil hê dat ons moet doen nie.
- Kom ons almal hou aan om met mekaar te praat tot bekering – al veroorsaak dit spanning.

Paulus en Apollos moes ook deur groot spanning gaan ter wille van die stigting van die gemeente van Korinte. Dan eers – as ons hierdie swakheid aan die dag lê dat ons ons nie verhef bo ander nie – dan eers leef ons in die krag van ons Here Jesus.

As ons nie in dieselfde sonde as die Korintiërs wil verval nie, moet ons reageer op die prediking van die Here Jesus.

- Dan moet ons die koninkryk van die hemel bou in ons gemeenskap met die Here, maar ook met mekaar.
- Wanneer enige medegelowige (veral ook sekerlik u ouderling en diaken) u besoek, berei u voor om hulle met vreugde te ontvang, en om saam te deel in die verlossing van Jesus Christus.
- Kom ons verwag saam ons Here uit die hemel, sodat ons kan toetree tot sy ewige koninkryk.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 128:1, 4 (p.) In vers 4, sing: ***ons*** i.p.v. ***jy*** en ***jou***

1 Wie deur Gods vrees bewoë,
trou op die weg wil gaan,
waar hom Gods wil voor oë
en klaar getekend staan
die arbeid van sy hande
sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande
met seen hul opbrings bied.

4 Mag ryke seëninge
uit Sion **ons** bedou;
mag **ons** dié goeie dinge
van Sionstad aanskou!
mag **ons** nog, op **ons** bede,
'n nakroosseen verkry!
En, God van alle vrede,
mag Isr'els vrede bly!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: Goeie Vrydag, 10 April 2009